# SARS verskerp sy fokus op trusts

**Tshwane, 28 September 2022 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) versterk sy fokus op trusts deur 'n reis aan te pak om diens-aanbiedinge vir hierdie segment belastingpligtiges te moderniseer en verbeter. Hierdie verbeteringe is daarop gemik om dit makliker te maak vir trusts om hul wetlike verpligtinge na te kom.

Ooreenkomstig die bogenoemde, het SARS 'n gedetailleerde huidige status analise van belastingnakoming deur trusts en hul begunstigdes uitgevoer om te bepaal of alle trusts en hul begunstigdes by SARS geregistreer is vir belastingdoeleindes en welke alle trusts en hul begunstigdes hul jaarlikse inkomstebelastingopgawes ingedien het. Indien wel, welke sodanige opgawes hul werklike belastingstatus volledig en akkuraat weergee en of hul betalingsverpligtinge ten volle nagekom is.

SARS werk hard daaraan om die gebruik van data te vermeerder en uit te brei. Deur hierdie proses het SARS 'n aansienlike aantal begunstigdes van trusts geïdentifiseer wat uitkerings ontvang het, maar nie inkomstebelastingopgawes ingedien het dienooreenkomstig hul wetlike verpligtinge ingevolge die jaarlikse openbare kennisgewing ingevolge artikel 25 van die Wet op Belastingadministrasie, nr. 23 van 2011.

Sodanige begunstigdes behels maatskappye, individue en trusts wat hul uitstaande inkomstebelastingopgawes onmiddelik moet indien. Versuim om hierdie nienakoming reg te stel sal lei tot wetlike optrede deur SARS wat geskatte aanslae, die heffing van boetes en rente, asook siviele en kriminele sanksies mag insluit.

Ingevolge sy strategiese oogmerke, wat behels die voorsiening van helderheid en sekerheid om belastingpligtiges in staat te stel om hul wetlike verpligtinge na te kom, is 'n aanlyn registrasieplatform (SOQS) beskikbaar om trusts te help om by SARS te registreer.  Hierdie platform is toeganklik deur die volgende skakel: SARS Online Query [2.0.0.0 (Prod)].

SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter het gesê: "SARS sal alle beskikbare wetlike stappe neem indien trusts en hul begunstigdes met opset hul wetlike verpligtinge versuim. Trusts en hul begunstigdes kan egter steeds hul belastingsake reguleer deur gebruik te maak van SARS se vrywillige blootleggingsprogram (VBP) wat beskikbaar en toeganklik is op die eFiling-platform".

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.